Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*AS DAAR NIE GOEIE OORLEG IS NIE, VAL 'N VOLK; MAAR IN VEELHEID VAN RAADGEWERS IS REDDING.*

# Die O.B.


*DIE REGSKAPENHEID VAN DIE OPREGTES IS VIR HULLE 'N LEIER, MAAR DIE VALSHEID VAN DIE ONTROUES VERNIETIG HULLE.*

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 7 NOV. 1945. No. 50.

# NA-OORLOGSE OSSEWABRANDWAG

## TOEKOMSBELEID ONDER VAANDEL VAN GENL. HERTZOG

## K.G. Beklemtoon Kardinale Punte van O.B. se Vredestaak



Die Kommandant-Generaal.

**„Die oorlog met sy rasende tempo is verby, nou moet ons oorskakel na die meer rustige stryd van die vredestyd."**

**Die toekomsbeleid van die Ossewabrandwag sal wees in die gees van wyle genl. J. B. M. Hertzog van wie die Ossewabrandwag 'n politieke testament kort voor sy dood ontvang het waarin die saamgevatte beleidsbeginsels van die Beweging in die handskrif van genl. Hertzog self vasgelê is.**

**Hierdie aankondiging is deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verlede Saterdag gedoen by geleentheid van die groot verjaardagviering van die K.G. en Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, te Paarl.**

**Die K.G. het hom in sy groot toespraak, wat die stryd van die O.B. ten opsigte van die na-oorlogse tydperk ingelui het, hoofsaaklik by drie aspekte bepaal: Die stryd teen na-oorlogse chaos waaruit die kommunisme verrys, die houding van die O.B. teenoor die Engelssprekende groep in ons land, en die toekomsbeleid van die Ossewabrandwag.**

**„Die republikeinse strewe en die Ossewabrandwag is onafskeidbaar met mekaar verbonde," het die K.G. in hierdie verband beklemtoon.**

Vir die eerste keer in vyf jaar ontmoet ons mekaar in 'n na-oorlogse atmosfeer, het die K.G. sy toespraak begin. Dit sou verkeerd wees om dit 'n vredesatmosfeer te noem. En vandag besef ons almal dat Europa, die moeder van ons beskawing, ondergaan. En met Europa, baie dinge wat ons as onmisbaar vir die lewe beskou.

Ek dink ek kan dit so stel: Twee dinge oorskadu vandag alle andere in ons lewe. Eerstens die besef, dat die wêreld soos ons hom geken het, onherroeplik verby is en, tweedens, die vraag, wat nou? In hierdie chaos en botsing, wat nou?

Europa, die wieg en sentrum van ons blanke beskawing versink in die chaos. Die oorlog is glo geveg om die bestaan van 'n „Herrenvolk" of „baasvolk" te vernietig. En in daardie doel het dit ten dele geslaag: dalk meer as ten dele geslaag.

**Vir die laaste tweeduisend jaar en meer het 'n baasvolk, of liewer, 'n baas-ras die wêreld beheer. Naamlik die blanke ras. Die witman het die wêreld beheers, en die blanke volkere van Europa het die toon in alle kontinente aangegee, sedert die dae van Rome tot op onlangs.**

En vandag? vandag is die Vier Grotes, wat moet beslis watter volkere sal leef en watter volkere moet sterf, benewens Amerika en Engeland die half-Asiatiese Rusland en die heeltemal Asiatiese Sjina. En die volkere wat moet sterf is byna sonder uitsondering die volkere van Europa — die blanke volkere. Veral die hart van Europa, Duitsland.

### DODELIK GEWOND

**Daarom sê ek dat die bestaan van 'n Baasvolk of -ras deur hierdie oorlog dodelik gewond is, naamlik die baasskap van die blanke.** Die resultaat sien u nou ook in Oos-Indië, waar veertig miljoen Indonese in rep en roer is teen die Hollanders, wat vir eeue hulle regeer het. En dit gaan nie by Idonesië bly nie.

Want dit is onsin om te sê dat jy teen die idee van 'n baasvolk kan baklei. Net so min as jy die begrip „mag" kan uitskakel. **Die baas kan jy vernietig, maar die begrip „baas" bly voortbestaan. Daar word maar net iemand anders baas in die plek van die een wat jy uitgeskakel het. So het dit ook met Europa gegaan.**

Die mag is nie vernietig nie — hoe kan mens ooit mag vernietig? — die mag het net op iemand anders oorgegaan. **In hierdie geval grotendeels van Europa na Asië en Half-Asië; van die blanke na die nie-blanke.**

Vir u beteken hierdie magsverskuiwing van die blanke na die nie-blanke ook 'n verskuiwing van die grond onder u voete, die Afrikaanse grond. En as u voortaan hoor van 'n Asiatiese probleem in Suid-Afrika, onthou dan dat agter daardie Asiate staan twee van die Vier Grotes van San-Francisco, die Vier Grotes van die Wêreld.


### ONS BYDRAE

Maar, sal u vra, wat van ons eie Vaderland, Suid-Afrika? Wel, ons is deur 'n oorsese „home complex" en deur die Jode — haat vir Duitsland in die oorlog geslinger en as land het ons bygedra tot die vernietiging van die „Herrenvolk"- of „Baasvolk"-idee. Stel u voor, ons, wat elke nie-blanke kwalik neem as hy ons nie as „baas" aanspreek nie, ons het teen die leerstelling van 'n „baasvolk" te velde getrek! Ons, wat agt miljoen uit die tien miljoen mense in hierdie land uit die politieke seggenskap hou, en hulle met ekonomiese kleurslagbome belet om met ons te wedywer, en hulle in lokasies afhok . . . ons, van alle mense,

(Vervolg op bl. 2)

BINNE 10 DAE
'N GESONDER MAN . . . .
BINNE 90 DAE
'N STERK MAN . . . .
of so nie betaal ek u lesgeld terug.

JOHAN HEFER
se duisende suksesse is
U WAARBORG



Seuns en jong mans verlang
MOOI SPIERE en
REUSE KRAG . . . .

Bejaarde mans verlang
BLYWENDE GESONDHEID

JOHAN HEFER voorsien in altwee.

Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike pryse. Maklike terme.

Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:

JOHAN HEFER
Hefer-Instituut — Bus 3494, Kaapstad.

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam ........................................
Adres ........................................
Ouderdom ....................

# TOEKOMSBELEID VAN OSSEWABRANDWAG

(Vervolg van bl. 1)

het in 'n oorlog gegaan om „baasskap" te vernietig!

**Om hierdie selfmoordstrewe deur te voer het ons heelwat gekos — 8,968 dooies, 13,844 gewondes en, wat geld betref, £450,000,000.**

En bo en behalwe die verliese aan lewens en vernietigde familiegeluk, en internerings sonder verhoor en wat dies meer sy, het die oorlogverklaring en die oorlogsjare die samewerking tussen die twee blanke rasse, wat albei ondergaan as hierdie land die voogdyskap van die witman prysgee, vir 'n generasie teruggesit. Al die grootpraatjies van die menere in die regering kan hieraan niks afdoen nie.

## TWEE PROBLEME

Laat ons dan twee kardinale probleme in ons binneland se posisie in oëskou neem, naamlik die kommunistiese golf wat kom en die verhouding van die twee blanke rasse teenoor mekaar.

Wat die kommunisme betref, hierdie rewolusie, wat die magsverhouding ook in ons land teen die blanke wil draai en wat die naturelle-probleem vertroebel, bestaan daar/g'n twyfel oor ons standpunt nie.

**In die voorhoede van die stryd teen die kommunisme in Suid-Afrika staan veral een organisasie en dit is die Ossewabrandwag. Dit is nie net ons wat so sê nie, dit is ook die kommuniste wat so sê. Dit is ook daarom, dat hulle op 1 Mei, voor 'n skare van oor die 20,000 naturelle besluite geneem het om die leiers van die Ossewabrandwag aan die lamppale van Johannesburg te hang.**

Ons het dit ook nie by vrome besluite laat bly nie. Ons het oorgegaan tot die stigting van anti-kommunistiese afweergroepe in stad en land. Groepe wat bedoel is om kontak by ander groepe te soek, of daardie ander groepe nou O.B. is of nie, of hulle nou Afrikaanssprekend is of nie. **Ons soek by hulle flankedekking en ons is ten volle bereid om aan hulle flankedekking te verskaf. Want in hierdie saak staan alle witmense bymekaar — ten minste alle witmense wat nog gesonde rasse-instinkte het.**

Die K.G. het na die ommeswaai van die H.N.P. in hierdie verband verwys ná hul verongelukte kongres, en gesê:

**Ons verwelkom hulle nuwe voorneme, en ons wil hulle verseker dat as hulle met die daad teen die kommunisme wil optree, dan sal hulle seer sekerlik ons saam met hulle vind.**

Dit toon egter dat die Ossewabrandwag tenspyte van belastering ook in hierdie saak leiding gegee het, wat die ander later sal moet volg. En nie net in hierdie saak nie.

## NIE DEUR GEWELD

**Maar ons sou baie kortsigtig wees as ons ons sou verbeel, dat die kommunisme met geweld alleen gaan kleinkry. In die eerste plaas moet jy die kommunisme met sosiale hervorming voorkom. 'n Rewolusie kan mens nie met reaksie bestry nie; net met die kontra-rewolusie. En ook op hierdie punt het die Ossewabrandwag leiding gegee en gee hy dit nog. Want ons soek die redding teen die kommunisme of die Internasionale Sosialisme, soos dit eintlik genoem was, nie in die terugkeer na die uitbuitende Kapitalisme nie, nie in reaksie nie, maar in 'n nasionale sosialisme, die sosialisme wat rekenskap hou met die besondere vereistes en omstandighede van hierdie land en sy bevolking. En wat die voortbestaan van die Afrikanerdom beveilig as 'n volk met 'n roeping hier in Suid-Afrika.**

En ons het dit uitgeleef, hierdie sosiale besef, 4, 5 jaar lank—uitgeleef met die daad. Uitgeleef in 'n Noodhulpfonds, wat vir vrouens en kindertjies hul daaglikse brood en 'n dak verskaf het, en nie net slim praatjies en kritiek nie. U het, met ander woorde, dit uitgeleef vier, vyf jaar lank met daardie taaie trou wat alle slimheid te bowe gaan. En daardeur het u verhoed, dat die skande oor hierdie volk sou kom, dat hy die vrouens en die kindertjies van die manne van die daad op straat en met die bedelstaf laat sit het. Dit alles het die Ossewabrandwag gedoen — **sover ek weet, alleen gedoen.**

Om dit op te som, die Ossewabrandwag smyt homself met alles wat hy het in die stryd teen die kommunisme; geweld sal met geweld afgeweer word, en propaganda met die sosiale strewe.

## HANDHAWING VAN BLANKE RAS

Maar ek het van die ander kardinale probleem gepraat, wat ons in hierdie land het, naamlik dat die blanke ras in twee hoofgroepe verdeel is, elkeen met sy eie taal en met sy eie kultuur. En al die getorring en geweeklaag van die ekstremiste aan die een of ander kant kan daardie samestelling nie verander nie. Dit is nou eenmaal deur die Here so bepaal en ons moet daarmee rekenskap hou.

**Laat ons dan in hemelsnaam besef dat die sogenaamde „rasseprobleem" in ons land voortaan — nou dat die mag van Europa na Asië verskuif het — nie meer 'n kwessie van Afrikaans- of Engelssprekend is nie. Die rassekwessie van nou of aan is Blank . . . of Nie-Blank. Wat ons onderlinge geskille taalkundig of kultureel ook mag wees, hulle bly geskille binne die gemeenskaplike band, wat alle blankes aan mekaar snoer, op hierdie nie-blanke kontinent.**

## ENGELSSPREKENDES

Hoe staan die Ossewabrandwag teenoor die Engelssprekende Afrikaner? Op 16 Januarie 1941, het ek op Parys, sprekende in die naam van die Ossewabrandwag, beklemtoon dat daar twee strome in hierdie land is, en dat niemand een van hulle kan wegwens nie. Vir wel of vir wee moet hulle met mekaar saamleef en met mekaar saamwerk en saambou. Verder het ek, namens die Ossewabrandwag, gesê dat ons nie net die Engelssprekende se reg om Afrikaner te wees erken nie. Nie net erken ons daardie reg nie. **Ons gaan verder en sê dat hy dieselfde p l i g het om 'n goeie Afrikaner te wees as enigeen van ons.** Ek het voorbeelde genoem, en daarop gewys dat daar Engelssprekendes was, wat hul burgerplig met die wapen in die hand gedoen het in die Driejarige Oorlog . . . . teen Engeland. En namens die Ossewabrandwag het ek gesê dat as daar mense is wat die gedagtenis van sulke Engelssprekende Afrikaners wil verkleineer, dan wil ons nie onder daardie mense gereken word nie.

**Let asseblief op die datum! Dit was die gesagdraende houding van die Ossewabrandwag meer as vier jaar gelede. In die dae kort ná Duinkerke; nie ná die „New Era" nie. En vlak voor die moontlikheid van 'n verpletterende inval in Engeland, nie vlak voor die moontlikheid van 'n verkiesing in Suid-Afrika nie.** In daardie dae het die leiding van die Ossewabrandwag so gepraat. En ek het so gepraat, want dit het vir my gelyk soos die enigste moontlike pad wat verantwoordelike mense in hierdie land kan inslaan.

As ek so praat, sal daar wel mense wees wat kla dat ek nou vir „die regte van die Engelse" opkom, soos wyle genl. Hertzog, vir wie hulle juis om daardie rede uit hul party gejaag het, d.w.s. dié wat hom nie weens Vrymesselaarsbriewe uitgeskinder het nie. **En nadat hulle hom uitgejaag het, toe stig hulle 'n Engelse blad, „The New Era".**

## PLIG AFRIKANER TE WEES

Ons erken die reg van die Engelssprekende om Afrikaner te wees en ons gaan verder en sê, daar berus op hom dieselfde p l i g om Afrikaner te wees, as op elkeen van ons. Maar jy kan nie pligte eis nie, as jy nie regte toeken nie.

En as sommige sê en kla „ja, maar **die Ossewabrandwag loop nou dieselfde pad as genl. Hertzog" dan sê ons: „Goddank as hierdie Volksbeweging daardie pad kan vind — die enigste pad uit hierdie woestyn en geswadder waarin ons volk beland het, 'n pad, waarop die wegwyser staan, „Suid-Afrika Eers" . . . . en nie „There will always be an England" nie.** En wat erken dat daar twee strome in hierdie bevolking is, elkeen met sy eie regte en kultuur, maar albei met dieselfde plig om hierdie land bo alle lande lief te hê en te dien. En dit maak nie saak of ons dit so gewens het of sus gewens het nie. Want so het die Here dit bepaal. En wat die O.B. betref, hy veg vir sy eie moedertaal, nie teen iemand anders s'n nie.

## GENL. HERTZOG SE VAANDEL

Veroorloof my hier om myself in die rede te val en aan u 'n kosbare geskenk te toon, wat die Ossewabrandwag van wyle genl. Hertzog gekry het. Dit is, soos u sien, 'n vlag wat baie lyk op die vlag van die Ossewabrandwag. **Dit is juis om hierdie rede dat genl. Hertzog dit aan ons laat toekom het.**

**Inderdaad is dit 'n baie ou vlag en dateer dit uit die Driejarige Oorlog.** Wat u hier sien is nie die vlag van die Ossewabrandwag nie, maar wel 'n kommandovaandel uit daardie dae **'n Boerekommando, bestaande uit Transvalers en Vrystaters het al langs die Vaalrivier geopereer. Om hul kameraadskap 'n sigbare simbool te gee, het hulle 'n kommandovlag gemaak. Omdat hulle van besuide sowel as van benoorde die Vaalrivier gekom het, kon dit nie een van die twee bestaande Vierkleure wees nie.**

Derhalwe het daardie manne te velde vyf-en-veertig jaar gelede gedoen wat ons later in die Ossewabrandwag gedoen het. **Hulle het die twee Vierkleure verenig en gekom op Oranje, blanje, blou en groen.**

## TERUG IN S.A.

Later het die vlag in die Engelse hande geval en is na Londen geneem. Omstreeks 1933 het 'n Engelse offisier as blyk van goedgesindheid dit aan generaal Hertzog gestuur, en op hierdie wyse het die vlag sy pad na sy vaderland terug gevind.

**Toe, 'n generasie na sy ontstaan, kom die Ossewabrandwag in die land en toe merk genl. Hertzog dat hulle in hul optogte dieselfde vlag gebruik, as die ou kommandovlag in sy studeerkamer. As blyk van vriendskap het hy dit aan ons laat toekom.** Ná sy dood is dit deur sy seun Charles, in opdrag van sy vader, aan ons oorhandig.

**Ek wil meer as 'n bloot historiese betekenis daarin sien. Ek wil hoop dat daar ook 'n profetiese sin in skuil, en die Ossewabrandwag sy pad sal loop in die gees en onder die vaandel van genl. J. B. M. Hertzog.**


**Asook onder die vaandel van die republikeinse kommando van destyds, want ons vertolk „SUID-AFRIKA EERS" as die Suid-Afrikaanse Republiek.**

## REPUBLIKEINS

Ons maak daar geen verskoning voor nie. Natuurlik is ons republikeins; watter ander tradisie het die Afrikaner — tensy hy met geleende vere wil pronk? Maar as iemand na verskoning vir republikeinse oortuigings wil soek, dan hoef hy nie verder terug te gaan nie as na 4 September 1939. **Op daardie dag het hierdie „dominiale" verhouding voor 'n toets te staan gekom en het hy tot die botsing van die twee lojaliteite gelei, wat hy probeer nakom. En in die Parlement het die verkeerde een, die „dominiale" lojaliteit gewen.**


Daarom glo ons nie in 'n dubbele lojaliteit nie. En ons gaan die na-oorlogse republikeinse fase met hierdie groot bate in: **Naamlik dat ons Beweging dwars deur die gevare en kampe heen die fakkel van republikeinse besieling hooggehou het.** Jy mag die republikeinse stroom in hierdie land goedkeur of nie. Maar dit bly, ná die oorlog van 1939-'45, 'n

(Vervolg op bl. 3)



Vaandel aan O.B. gegee deur genl. Hertzog.

# Politieke Testament Van Wyle Genl. Hertzog


Die stadium van ontwikkeling van die Europese mensdom met sy ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike bestaans-lewe, vereis vandag 'n herskepping van die grondslae en instellinge van sy staatkundige en maatskaplike bestaans- en bedryfs-lewe, op die basis van
'n Christelik-nasionaal
Republikeinse
gesag-staat
geleid en gevoerd naar die beginsels en beleid van
'n Suid-Afrikaans-nasionaal
Sosiale aard,
wat sig aanpas by die
lewenswyse
morele opvattinge en
godsdienstige beskouinge
van die Afrikaner volk
en wat streef naar die hoogste en meest algemeen uitgebreide mate van
Volksgeluk en Volkswelvaart, beide
geestelik en stoflik

Bostaande is 'n afdruk van wyle genl. J. B. M. Hertzog se handskrif waarin hy die beleidsgrondslag wat deur die O.B. aanvaar is, op skrif gesit het kort voor sy dood. Op 21 deser sal dit drie jaar wees dat hierdie groot leier ons volk ontval het.

Hierdie stuk kan beskou word as die politieke testament van wyle genl. Hertzog aan sy volk en is deur die Generaal self aan die Ossewabrandwag gegee. Dit lui:

**„Die stadium van ontwikkeling van die Europese mensdom met sy ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike bestaanslewe, vereis vandag 'n herskepping van die grondslae en instellinge van sy staatkundige en maatskaplike bestaans- en bedryfslewe, op die basis van 'n Christelik-nasionaal Republikeinse gesagstaat geleid en gevoerd naar die beginsels en beleid van 'n Suid-Afrikaans-nasional(e) Sosiale aard, wat sig aanpas by die lewenswyse, morele opvattings en godsdienstige beskouinge van die Afrikaner volk en wat streef naar die hoogste en meest algemeen uitgebreide mate van Volksgeluk en Volkswelvaart, beide geestelik en stoflik."**

(Vervolg van bl. 2)
historiese feit dat die republikeinse strewe en die Ossewabrandwag onafskeidbaar met mekaar verbonde is.


As die vaandel van genl. Hertzog nie tot die oorwinning gedra word nie, dan is daar vir die Afrikaanse volk min toekoms. En dit is ondenkbaar dat die mantel van genl. Hertzog nou geneem moet word deur die luitenante wat hom in die uur van die gevaar in die rug gesteek het. Wat die Ossewabrandwag betref, ons soek nie sy mantel nie, ons soek sy leiding tesame met ander Afrikaners wat op daardie spoor is.

## O.B. SE METODES

U kan vra, maar met watter metodes gaan ons die stryd voer? Met alle metodes wat nodig is om hierdie volk in sy gevaar te red.

Gaan ons stem? Natuurlik gaan ons stem. En wel vir enige kandidaat wat ons sienswyse goedgesind is en wat nie daarop uit is om die Ossewabrandwag te vernietig nie. Vir so een sal ons seer sekerlik nie stem nie. Nooit en nimmer nie. Hy kan eers tot besinning kom en sy woede teen die vyand keer in plaas van teen ons as hy ons stemme verlang.

Sowat drie jaar gelede op Florida, Transvaal, het ek namens die Ossewabrandwag op 'n vraag oor die republiek geantwoord: „Ou vriend,
(Vervolg in kol. 3)



## K.G. se Dank

Die K.G. skryf:
„Na aanleiding van die talle gewaardeerde telegramme en ander gelukwense wat my in verband met my verjaardag bereik het, wil ek deur middel van hierdie blad — ons blad — elke vriend en vriendin asook elke kommando en ander eenheid my opregte en my waarderende dank betuig. Ek doen dit ook deur middel van persoonlike bedankingskaartjies, maar in sommige gevalle is die adresse onduidelik. Dit is die vyfde verjaardag wat ek in ons Beweging vier: ek verlang na geen verjaardae buitekant die Beweging nie."

(Vervolg van kol. 2)
stembus, omnibus of blunderbus! Solank ons hom kry."

Ons het geen middel afgesweer nie. Dié dwaasheid het ons aan ons teenstanders oorgelaat. Maar benewens die stem, wat die maklikste is, het ons vier, vyf jaar die vlam van verset hooggehou. Daarvoor het hulle ons mans in kamp en tronk gesmyt, en die wat agtergebly het, het hulself witgebloei in die Noodhulpfonds, om die vrouens en kinders van daardie mans te red. En die geskiedenis sal die O.B. nog daarvoor dank.

## NA-OORLOGSE OPTREDE

Maar nou is die oorlog oor, en met die oorlog ook die rasende tempo waarin ons hierdie stryd moes stry. Ons moet ons pers sterk maak, want nou sal ons meer en meer ons op die pers kan verlaat. Reeds is hy ver bokant enige magsmiddel wat ons twee jaar gelede gehad het. Maar ons moet hom nog sterker maak, nog baie sterker. En as die ander kant ons met hul noodregulasies en sonder
(Vervolg op bl. 8)


A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke


G. A. FICHARDT, Beperk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1840
BLOEMFONTEIN

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTOWN

SKILFERS



MOENIE U AANTREKLIKHEID BEDERF NIE
Raak ontslae van daardie lastige skilfers deur middel van
VOORSLAG-SKILFERMIDDEL
4/- Posvry van
VOORTREKKER-APTEEK
Kerklaan — Kaapstad (1)



Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK.
Posbus 3180 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 7 NOVEMBER 1945.

# Hy Het Die Weg Aangewys

Onder die vaandel van wyle genl. Hertzog — dit is die vredespolitiek van die Ossewabrandwag, soos verlede Saterdag deur die Kommandant-generaal aangekondig. Daarmee is veel gesê, maar ook baie aanvaar. Dit is egter niks nuuts vir die Ossewabrandwag nie, want in die dae toe dit 'n mens uit sekere kringe nog kwalik geneem is as jy „die pad stukkend ry na genl. Hertzog se plaas", het hierdie gryse staatsman geformuleer wat in die hart van elke O.B. omgegaan het.

Die beywering van genl. Hertzog vir die ekonomiese selfstandigheid van ons volk is so'n kolossale monument dat selfs Engelssprekendes vandag na sy bewind verwys as die heilsaamste tydperk in die Unie se geskiedenis, en wanneer die H.N.P. krag wil put vir sy propaganda, dan doen hy dit deur homself te knoop aan die regeringstydperk van wyle genl. Hertzog na 1924. **Genl. Hertzog het egter bevind dat die groot vraagstukke nie duursaam opgelos kan word binne die huidige parlementêre stelsel nie.** Sy eerste aanslag teen hierdie verbrokkelingsmag was sy koalisie- en verenigingsbeleid in 1933. Sy bedoelings is egter danksy die partypolitieke gees deur baie van ons nie reg verstaan nie, **en deels hierom, maar ook veral omdat dit nog nie 'n radikale omskepping van die regeringsvorm meegebring het nie, het sy aanslag misluk.**

## EUWEL AANGEWYS

Hierdie gebrek het genl. Hertzog besef en enige maande voor sy dood het hy, soos alleen hy dit kon doen, 'n gespierde hou geslaan teen die partypolitieke euwel self en dit uitgewys as die grond van ons vernedering. **En dit was daarna dat hy sy politieke testament nagelaat het met die aanduiding van ons toekomstige staat as „'n Christelik-nasionaal Republikeinse Gesagstaat, gelei en gevoer na die beginsels en beleid van 'n Suid-Afrikaans-nasionale sosiale aard".**

Op nasionale gebied was genl. Hertzog vir byna veertig jaar lank die sentrale figuur in die stryd om voortbestaan van die Afrikaanse taal en politieke selfstandigheid van die Afrikanerdom. Wat die taal betref het hy so'n onwrikbare geloof in die uiteindelike sege van Afrikaans as taal van die toekomstige Suid-Afrika gehad, dat hy met vertroue kon praat van die twee kultuur-strome wat eers langs mekaar moet vloei maar later een magtige stroom sou word. **Hy het nie getwyfel aan wat die taal van die toekoms in ons land sou wees nie.** En as ons daarop let hoe die Unie se krygsmagte gedurende die oorlog dit hul trots gemaak het om Afrikaans te praat — tot so'n mate dat 'n rou Durbaniet in pront Afrikaans aan 'n binnelandse boer kon sê dat 'n mens by die leër moet aansluit as jy Afrikaans wil leer — dan weet ons dat genl. Hertzog se geloof nie op sand gebou was nie. Waar die twee strome saamvloei, is dit vandag Afrikaans wat wen.

## SELFSTANDIGHEID

Aan die nasionale selfstandigheid van sy volk het genl. Hertzog 'n leeftyd gewy. Dit het vir hom soms minder gegaan om wat die uiterlike staatkundige vorm is, solank hy sy volk se selfstandigheid kon verseker met sy beleid van Suid-Afrika eers. **En daardie selfstandigheid kon op 4 September 1939 — en vandag nog — gehandhaaf gebly het as ons 'n volkstaat gehad het waarbinne die volk as volk optree. Dan sou daar geen twyfel gewees het omtrent die uitslag van die oorlogsbesluit nie. Maar omdat ons deur handhawing van die Britse parlement — die eintlike Britse konneksie — 'n stelsel volg waarvolgens twee uiterste vyandige rigtings beurt maak om die bewind te voer, is die toepassing van ons selfstandigheid oorgelaat aan 'n politieke party wat in werklikheid 'n minderheid verteenwoordig het, maar 'n on-Afrikaanse besluit kon neem waardeur Suid-Afrikaanse sefstandigheid prysgegee is.** Dit was nie genl. Hertzog se skuld nie maar die stelsel waarmee hy hom moes behelp, en daarom het hy in die aand van sy lewe ook hierdie stelsel verwerp vir een waarbinne die volk hom kan laat geld as volk, **in plaas van sy regte oor te dra aan 'n agent (of party) wat daarmee kan maak wat hy wil.**

# SLAGOFFERS VAN BURGEROORLOG

Die Kaaplandse provinsiale owerheid het veertig predikante nie weer in skoolrade benoem waarin meeste van hulle al baie jare dien nie. Dat die publiek hieroor erg verontwaardig is, kan verstaan word, **want dit is 'n betreurenswaardige stap.** Dit verbaas 'n mens egter dat partypolitieke kringe ewe verontwaardig is, **want hulle glo aan 'n staatstelsel wat berus op 'n grondslag van burgeroorlog in plaas van samewerking. In so 'n oorlogspelery moet dus rekening gehou word met verliese in die eie geledere.**

Verstandige mense verkies om hierdie kwaadwillige optrede teen predikante in die eerste plaas te beskou as uitvloeisel van 'n verkeerde staatstelsel — 'n stelsel van konstitusionele oorlogvoering. In 'n eenheidstaat waarin die regering die volk verteenwoordig en nie 'n minderheidskliek nie, kan daar nie so teen erkende leiers in volkskringe opgetree word nie. Dan kan daar geen sprake wees van oorlogsverliese nie.

# LEIDENDE BRITTE EIS VOEDSEL VIR DUITSERS

## GENOEG KOS IN WÊRELD

**Daar word gesê dat daar genoeg voedsel in die wêreld is om hongersnood in Europa te voorkom. In dié verband word daarop gewys dat Argentinië mielies gebruik as vuurmaakgoed vir sy fabrieke, terwyl Amerika sy vee met koring voer.**

Namate die winter nader sluip, begin die denkende Engelse al meer skrik vir die wraakbeleid wat deur hulle 'n paar maande gelede nog oor die kop van Duitsland uitgespreek is. In die plek van sinsnedes soos „Die Duitsers sal vir hul eie kos moet sorg," en „Duitsland sal van al sy fabrieke beroof en in 'n landbouland omgeskep word," kom daar nou beroepe op die Drie Grotes om dadelik in te gryp, die Duitsers van kos te voorsien en hul nywerhede so gou as moontlik aan die gang te kry.

Die rede hiervoor is hoofsaaklik vrees vir epidemies „wat geen grense ontsien nie".

In Engeland, so word berig, is vooraanstaande Britte, onder wie ook die minister van buitelandse sake, Ernest Bevin, self, druk besig om verwyte uit te deel teen die gesloer om die nodige voedsel na Duitsland te stuur.

Hierdie wantoestande word toegeskryf aan 'n gebrek aan internasionale organisasie. In Suid- en Noord-Amerika, so word verklaar, is daar genoeg vleis om die hele Europa te voorsien, en wat steenkool betref, het die oorlog geen skade veroorsaak aan die produksie nie. Alle steenkoolmyne het ongedeerd uit die oorlog gekom, maar gebrek aan behoorlike beplanning en gesamentlike optrede dreig om die winter in Europa 'n verskrikking te laat word.

# N.G. Sinode se Oproep Tot Verdraagsaamheid

Die Sinode van die Kaapse Ned. Geref. Kerk het verlede week in 'n besluit die volk aangemaan tot groter verdraagsaamheid in politieke sake. Dit spruit uit 'n beskrywingspunt van ds. P. J. Loots (Noorder Paarl) wat na 'n kommissie verwys is.

In die verslag van die kommissie word verklaar dat ons nie altyd almal eners kan dink nie. Dit is die reg van elke persoon om sy eie beskouings oor maatskaplike en staatkundige sake daarop na te hou. Om eerlik met mekaar te verskil is nie sondig nie, maar om onverdraagsaam te wees en te twis, is sondig en werk verbrokkeling en ondergang in die hand.

Daar word voorts gewys op die baie bande wat ons volk saambind, en 'n beroep op volksgenote gedoen om baie meer nadruk te lê op die punte van ooreenkoms as op die punte van verskil.

„Met des te meer nadruk wil ons hierdie beroep doen omdat ons deur dieselfde gevare bedreig word. **As 'n klein handjievol Christene staan ons omring deur 'n see van ongeloof en heidendom. 'n Handjievol blankes omring deur 'n oormag van nie-blankes. Dit is gebiedend noodsaaklik dat ons mekaar se hand sal vat en eendragtig saam die toekoms moet ingaan",** aldus die oproep.

## *OERWOUDPOLITIEK*

Die Verenigde Party in Kaapland het deur middel van sy administrateur veertig predikante uit skoolrade geskop omdat hulle glo die regering se beleid teenstaan, of te bedrywig in die politiek is.

H.N.P.-politici gryp hierdie geleentheid aan om die regerende party baie hard aan te val.

Daar is egter een geval waar 'n predikant uit die skoolraad geweer is omdat die H.N.P. sowel as die Verenigde Party dit begeer het om rede die predikant se O.B.-gesindheid.

Partypolitiek is dus maar per slot van sake oerwoud-politiek — nie een se hande is skoon van bloed nie, hoewel elkeen sy vertrapping deur die sterkere diep betreur.

**BURGERS!**

Die Standhoudend Komitee Burgergrafte hou sy jaarlikse Erediens te
ROOILAAGTE
op 21 November 1945, om 3.30 n.m.
ONS BRING HULDE!

**Boerejeug-Gelofte-Aflegging**

Die Jeugveldkornetskap J/A1 van Wynberg nooi hiermee alle B.J.- en O.B.-offisiere en manskappe uit na 'n
**BOEREJEUG-GELOFTE-AFLEGGING**
op 17 November 1945,
Saterdagaand, om 8 n.m.
in die N.G. Kerksaal, Wynberg.
Koffie en Koek sal te koop aangebied word.

*KERSKAARTJIES*
MET
*O.B.-WAPEN*
12 Kaartjies met verskillende woorde en ontwerpe
4/3 per dosyn
Posvry — met Koeverte
Sonder Wapen
4/- per dosyn — Posvry
*Pro Ecclesia-Boekhandel*
POSBUS 29 — STELLENBOSCH

**Van Riebeeck Trust**
MAATSKAPPY BPK.
Security-Gebou — Kaapstad
Foon 3-0764.

Met Takkantore te
BELLVILLE — Voortrekkerweg, Posbus 48, Foon 9-7222.
STRAND — Michaustraat 11, Posbus 56, Foon 178.
WYNBERG — Kerkstraat, Posbus 88, Foon 7-1502.

Raadpleeg ons wanneer u eiendomme wil koop en verkoop. Ons kan die boeregemeenskap bedien, want ons is boere.
Ons hou vendusies, reël verbande, geldbeleggings, ens.
G. P. J. DU TOIT,
Sekretaris-Bestuurder.

# A.N.S. HANDHAAF HOMSELF

## GESLAAGDE KONGRES IN PRETORIA GEHOU

Die dertiende jaarkongres van die A.N.S. het van 6 tot 9 Oktober in die Intersaal van U.P. plaasgevind. Weereens is 'n aktuele studie-onderwerp deur 'n reeks vooraanstaande Afrikaners behandel. Manne soos dr. P. J. Meyer, dr. J. F. W. Grosskopf, dr. F. J. Kritzinger, mnr. F. J. du Toit (Sekr. van Handel en Nywerheid), mnr. A. J. Bosman, dr. A. J. Stals, mnr. P. C. Coetzee en mnr. O. Pirow het verskillende kante van die onderwerp „Na-oorlogse Bedryfsoriëntasie" behandel en veral verwys na wat die rol van die Afrikaner as ondernemer in hierdie verband is en behoort te wees. Nog selde het die reeds bekende A.N.S.-kongres-onderwerpe 'n behandeling so prikkelend en van so'n hoë standaard as vanjaar geniet. Dit sal vir elke denkende Afrikaner besonder waardevol wees om die inhoud van die verskillende referate in die volgende uitgawes van die A.N.S.-blad, „Wapenskou", na te gaan.

Verder het die kongres oor A.N.S.- en algemene studentesake gehandel. Die verskuiwing van die kongres van Julie na Oktober het dit vir die afgeleë takke, met eksamens voor die deur, besonder moeilik gemaak om verteenwoordigers te stuur, maar nogtans was die kongres goed verteenwoordigend, ten spyte van die beskimpinge van sommige dagblaaie uit die pen van „verslaggewers" met nie eens die verrigtinge bygewoon het nie.

### SAMESPREKINGS

Soos bekend het dr. J. F. J. van Rensburg uit eie beweging onlangs aangekondig dat hy wens te bedank as Ere-president van die A.N.S. om daardeur moontlik 'n hergroepering van studenteliggame in die stryd teen die opbloeiende kommunisties-liberalistiese propaganda aan ons universiteite te vergemaklik. 'n Dergelike re-oriëntering van studente-organisasies het dan ook deeglik die aandag van die kongres geniet. In 'n tyd van verbasende laksheid in die studentelewe was die A.N.S. in die oorlogsjare, en bly hy nog, die enigste kern wat 'n duidelike en wakkere rigting aanwys. Daartoe was die kongres ook bereid om regstreeks met Afrikaners buite die Bond te beraadslaag. Soos bekend, maak laasgenoemdes beswaar teen die organisasiebeginsel van die A.N.S. Hier die feit stel die bestaan van die A.N.S. in Pretoria in die gevaar om die eenvoudige rede dat die owerhede, soos in ons nog liberaal-demokratiese land te verwagte, nie gedien is met die A.N.S. se anti-liberalistiese grondslag nie, en dus dreig om hom te verbied. In hierdie verband word hulle baie gesterk deur die standpunt van meer liberaal-denkende Afrikaners teenoor die A.N.S.

### GROOT VRAAG

Nou was die groot vraag veral vir die afgevaardigdes van Pretoria of die A.N.S. homself weer onder huidige omstandighede op 'n demokratiese grondslag kan plaas om tevredenheid te verseker. Treffend was egter die wyse waarop die kongreslede persoonlik eenparig hul geloof in die Bond se gesonde leierskapsbeginsel bevestig het. Eenpariglik het die kongres toe ook die aftredende leier, mnr. W. A. Joubert, as sodanig herkies nadat hy 'n baie sterk standpunt gestel het in die behoud van die A.N.S. se rigting, waarvan die verantwoordelike leierskapsbeginsel 'n vaste grondslag vorm.

Aan hom is opgedra om met die hulp van die Hoofraad, elk van wie ook eenpariglik herkies is, verder op die vraagstuk in te gaan, die beleid in hierdie verband duidelik te formuleer en dan spoedig 'n kongres byeen te roep om sake finaal te beklink.

Dit is duidelik dat die A.N.S. nie bereid is om homself om te skep tot 'n kleurlose massa-organisasie sonder werklike nasionale betekenis nie, maar dat hy sy doelbewuste strewe gaan handhaaf volgens die beginsels van die volksbewegingsgedagte wat die A.N.S. reeds van sy begin af beliggaam het en 'n paar jaar gelede in meer ontwikkelde vorm aan die volk gebied het.

### DR. VAN RENSBURG

Aan dr. Van Rensburg het die kongres op voorstel van die leier eenparige hulde gebring vir sy besielende Erepresidentskap van vier jaar, en hulle sterk uitgespreek teen die vernederende reaksie van die Afrikaanse pers op die grootmoedige gebaar van dr. Van Rensburg in belang van studente-eenheid. Geen besluit insake die Erepresident se bedanking is op die kongres geneem nie, behalwe dat die Bond sy bekende standpunt handhaaf dat hy nog geen rede gevind het waarom dr. Van Rensburg nie hierdie ere-posisie in die A.N.S. sal beklee nie.

## „Regspraak" Deur Vyande

Laval se skoonseun het verlede week 'n verweerskrif van 6,000 woorde, wat deur Laval opgestel was, aan die pers oorhandig. Dit word beskou as die begin van 'n veldtog om 'n herverhoor van die tereggestelde man. Laval se advokaat pleit nog steeds vir 'n herverhoor, en het in die verband gesê:

**„Ons veg vir wetlike geregtigheid in teenstelling met geregtigheid wat gegrond is op massa-gevoelens en die gebruik om mense deur hul vyande te laat verhoor".**

„Vir die Goddelike reg van konings, het ons die Goddelike Reg van die party wat aan bewind is, in die plek gestel". — Dr. J. G. van der Horst.

## POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



G. MOOLENBEEK (Pretoria)

Op 4 Februarie 1942 te Brakpan ge-arresteer. Vir hoogverraad aangekla. Saak in Oktober 1942 na Hoërhof verwys. In Maart 1943 voor Spesiale Hof aangekla vir besit van springstowwe. Tot drie jaar harde pad gevonnis. Op 17 Mei 1945 ontslaan.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand oorlewer nie."

## REGTER OOR SACHS IN HOFUITSPRAAK

In sy uitspraak in die saak waarin £300 skadevergoeding aan Solly Sachs toegeken is teen dr. A. B. du Preez, predikant van die N.H. of G. Kerk, het regter Neser gesê dat dr. Du Preez bewys het dat die herderlike brief juis was indien dit beteken — soos Sachs in sy pleidooi beweer — dat dit **„as geheel gelees, beteken dat Sachs doelbewus en onbehoorlik sy amp as algemene sekretaris van die Klerewerkersvakbond gebruik, nie in die belang van die Vakbond en sy lede nie, maar met die doel om 'n vreemde en verderflike ideologie, nl. kommunisme, te versprei onder die klerewerkers in die fabrieke en dat hy daarvoor sy amp misbruik en om daardie rede nie 'n geskikte persoon is om die amp van algemene sekretaris te beklee nie."**

Sachs het die amptelike orgaan van die vakbond, die Klerewerker, gebruik om kommunisme onder die werkers te versprei. Die Regter het bevind dat dr. Du Preez wel gewettigde belang aan sy kant gehad het om sy gemeentelede in te lig. Hy het egter blyke gegee dat hy aangedryf was deur 'n motief om Sachs aan te val, en daarin het hy die gepreviligeerde geleentheid oorskry.

**By die vasstelling van skadevergoeding, het die Regter betoog, het hy in ag geneem dat Sachs hom nie altyd aan die waarheid gehou het in sy getuienis voor die hof nie en dat hy erken het dat hy hom by verskeie vorige geleenthede ook nie aan die waarheid gehou het nie.**


*ALGEMENE HANDELAAR*
en
*PRODUKTE KOPER*
S. J. KRYNAUW
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 63 Bus 54
BEAUFORT-WES.

ONS STAAN IN DIENS VAN DIE BOEREVOLK VIR ALLES
SONOP
BLOEMFONTEIN
DIE WINKEL MET 'N IDEAAL

MARKAGENTSKAP
VROEË HÔRE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF
Telefoon 2-0212

SCHOEMANELLO DRANK...
Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE

| | Per Bottel van 1 tot | Per gelling in vaatjie van 5 gels. of meer 12 in 12-bottel-kissie |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraal — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

W. VOIGT (EDMS.) BPK.
Fabrikante van
Kelder- en
Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

Paarl
Monumente-Werke
(EIEN.) BPK.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)
SKRYWE DIREK OM ONS
NUUTSTE KATALOGUS
Direkteure:
L. A. B. Bohlmann — M. Bohlmann
Gevestig 1898

SASBANK
*Verrig Volksdiens !*
Lenings vir gesalarieerde
persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387

*Vir DEFTIGE TABBERDS
TWEE-STUK ROKKE
en SOMERHOEDE
Kom seker eers na*
Steyns
Die Dames-Winkel
PAROW

# SAL TEEN BRON VAN VERDEELDHEID VEG

## Grondwet wat Verskeuring Van Volk Vereis

**Die Afrikanerdom het nie in Europa verloor nie, maar die dag toe 'n ultimatum uit Stellenbosch teen sy eenheid uitgevaardig is, het genl. J. A. Smith, adjunk-K.G., gesê by geleentheid van die verjaardagviering te Paarl.**



Genl. Smith het gesê dat ons grootste trou moet wees aan die beginsels waarop alle Christenvolke gevestig is. Die stryd van die O.B. is om hierdie beginsels te suiwer en te bestendig. Ons veg nie vir mag alleen nie, **want mag wat gegrond is op wat verkeerd is, is per slot van sake onmag.** Ons soek die eenheid van die volk, het spr. gesê, maar samewerking met instrumente van verdeeldheid is juis die bestendiging van verdeeldheid. Binne die huidige konstitusie is daar geen eenheid moontlik nie. Ons land se grondwet is gegrond op 'n goddelose praktyk — **dit bepaal dat die volk in minstens twee flenters geskeur moet word, twee partye.**

### KAN NIE STILSIT

As daar mense is wat hierdie waarheid nie raaksien nie, dan kan die O.B. nie daarom gaan stilsit nie. Met hierdie grondwet in ons land beteken elke stem vir 'n partykandidaat 'n stem vir bestendiging van daardie verdeeldheid van ons volk.

Dit is soetsappige stories om altyd net te praat van eenheid. As die predikante nou hul gemeentes moet ontbind omdat ander mense daarbuite van hulle verskil en aanstoot neem, kan mens Satan ook maar koning maak van alles.

### GROOT GELEENTHEID

Ons het telkemale groot geleenthede gehad om 'n bolwerk te gooi teen die bron van verdeeldheid. **So 'n wal is daar deur die Ossewabrandwag gegooi, maar in 1941 is hierdie wal stukkend geslaan deur die partypolitiek.**

Vir jare lank was daar ook 'n bolwerk in ons universiteite teen die euwels wat ons volk bedreig. Maar ook hierdie linie van die jeug is in twee gekloof deur die partypolitiek. Die Afrikanerdom het tydens hierdie oorlog nie in Europa verloor nie maar hy het verloor daardie dag toe 'n ultimatum teen sy eenheid uitgevaardig is op Stellenbosch.

### WORD GEEN PARTY

Ons kan geen eenheid kry deur by enige party aan te sluit nie. Daarom gaan en wil die O.B. ook geen party word nie. **Hy sal veg vir die neutralisering van die partypolitiek en die vernietiging van die konstitusie wat partyskap as voorwaarde stel.**

„Beveg partyskap net waar u kan en u bewys aan u God, u volk en u vaderland 'n diens," het genl. Smith sy toespraak onder groot toejuiging beëindig.

## Uit Lug Gedood

**Volgens 'n Amerikaanse opgawe het die Geallieerde bomwerping in Duitsland 1,080,000 Duitse burgerlikes gedood of gewond, 3,600,000 wonings verwoes en 7,500,000 Duitsers dakloos gestel.**

## Geen Botter

**Kort nadat aangekondig is dat die botterproduksie vanjaar aansienlik hoër is as verlede jaar, en veral kort nadat die Minister van Landbou belowe het om botter vir uitvoer na Engeland beskikbaar te stel, is die Suid-Afrikaanse verbruik verminder tot een-derde van wat dit in Februarie hierdie jaar was — en toe was dit ver van normaal.**

Intussen, so word verklaar, is Engeland besig om kunsbotter uit te voer.

# Paarl se Hulde Aan Leiers

## Luisterryke Optog Van Tweeduisend

Die tradisionele ontvangs van die Kommandant-generaal en Adjunk-K.G. deur Paarl ter herdenking van hul geboortedae was verlede Saterdag weer 'n magtige sukses. Meer as tweeduisend mense het geluister na die vredestoespraak van die K.G. onder leiding van hoofgeneraal Max Smuts. 'n Optog wat oorweldigend was weens sy indrukwekkendheid het met luisterryke vertoon die vergadering voorafgegaan. Meer as 200 Boerejeuglede alleen het die speerpunt van vlae, onder leiding van die O.B.-blaasorkes, gevolg, waarna die res gekom het in 'n oneindige stroom, afdeling na afdeling.

Hoofkomdt. Willie Marsh het 'n welkomswoord gespreek, nadat met gebed geopen is deur mev. ds. Roux.

Die gelukwensinge is oorgebring deur gebiedsgenl. dr. F. D. du T. van Zyl wat beklemtoon het dat ons tydens die oorlog met sy noodregulasies metodes gevolg het wat ons as goed beskou het. Met die verdwyning van die noodtoestand sal ons nou ander metodes volg. Ons ideaal bly dieselfde, maar ons strategie sal verander.

Ruikers en geskenke is aan die twee leiers oorhandig deur die Boerejeug van Paarl en Hottentotsholland.

**Deur die K.G. is aan hfkomdt. Willie Marsh 'n oud-stryders-medalje aangesteek wat hy ontvang het vir troue diens uit die Tweede Vryheidsoorlog.**

Op die verhoog was o.a. ook genl. Dirk Eloff, 'n kleinseun van pres. Kruger, wat in Koffiefontein geïnterneer was.

'n Groot aantal telegramme is ook ontvang, o.a. van mev. J. J. Conradie (Kaapstad), genl. Henri Slegtkamp, genl. en kdte. Robertson (George), die Graaff-Reinetse O.B.-kommando's en die Frasersburg-kommando's.

## VERJAARDAGKETTING

8 NOVEMBER: Aletta Barnard, George; Piet Boshoff, George; Louis Nortje, Beaufort-Wes; Abraham du Plessis, Sutherland; Delena van Rensburg, Mosselbaai; Danie Siebrits, Franschhoek; Andries Kotze, Nababeep; Anna Cloete, Loxton.

9 NOVEMBER: Hugh Louw, Houtbaai; Hentie Mulder, Cradock; Ludwig du Plessis, Port Elizabeth; Josina Davel, Soutrivier; John Faul, Wilgenhoutsdrift; Stephanus Bester, Paul Roux; Christiaan le Roux, Gumtree; Hermanus Roos, Fouriesburg.

10 NOVEMBER: Jan Solms, Stellenbosch; Benjamin Marais, Paarl; Carel Potgieter, Kirkwood; Gerrit van Zyl, Montagu; J. J. Nieuwoudt, Mafeking; Cornelius Bergh, Marchand; Elsie Tredoux, Southfield; Wessel Oosthuizen, Pietersburg; Pieter Pretorius, Boshoop; Josephus van Rensburg, Clocolan.

11 NOVEMBER: Hettie van Rensburg, Carnarvon; Beatrix Meiring, Kirkwood; Lena Maritz, Somerset-Oos; Mariana van Wyk, Fraserburg; Hyla Bredenkamp, Observatory; Erine Malan, Pinelands; Roelof Joubert, Bosbokrand; Johan Coetzee, Lindley; Magdalena van Heerden, Bethanie.

12 NOVEMBER: Maans Wagener, De Nouwste; Ronelle Mostert, Beaufort-Wes; Zacharia Victor, Wynberg; Isabel Wolmarans, Port Elizabeth; Annie Eksteen, Franschhoek; Catharina van Dyk, Steenbokfontein; Gert Kruger, Hoewal; Heibrecht van der Bergh, Fouriesburg.

13 NOVEMBER: Francis Sampson, Port Elizabeth; Aletta Myburgh, Merweville; Maria Jooste, Sutherland; Hansie van Rensburg, Groot-Brakrivier; Adriaan Mulder, Worcester; Alma Kriegler, Somerset-Wes; Petronella Kapp, Glenroy; Pieter Grobler, Legkraal; Carolina Wilken, Soekmekaar; Lenie Pretorius, Rustenburg; S. J. van der Merwe, Swartbos; Willie Volschenk, Eloff; Issie van der Walt, Bethlehem; Christiaan Janeke, Frankfort.

14 NOVEMBER: Bertie Louw, Suider-Paarl; Anna Havenga, Maribogo; Katie van der Meulen, Bedford; M. M. Walters, Loxton; Dawn Siebrits, Paarl; Leon Swart, Groot-Brakrivier; Catherina du Plessis, Skuinsdrift; Stephanie Kruger, Derby; Roebie le Roux, Clocolan; Dirk de Kock, Bethlehem.

BOERE!
Om 'n sukses van u BOERDERY te maak, woon een of ander erkende LANDBOU-KOLLEGE by of word dadelik 'n student van B.K.K. en kry dieselfde diens by u huis deur middel van ons uitstekende KORRESPONDENSIE KURSUSSE in:
- BEESBOERDERY £10 kontant (of £12 op terme)
- BYEBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- BOERDERY-BOEKHOU £5 kontant (of £7 op terme)
- DUIWEBOERDERY £3 kontant (of £5 op terme)
- HOUTWERK TUIS £5 kontant (of £7 op terme)
- PLUIMVEE-BOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- SKAAP- EN WOLBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- TABAKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- VARKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

HUISVROU!
Met B.K.K. se beroemde HUISHOUDKUNDE-KURSUS sal u Huishouding 'n plesier wees. — £5 kontant (of £7 op terme)

DIENS!
As u eenmaal 'n lid is van een van B.K.K. se Departemente, bly u altyd 'n lid en ontvang u gratis die raad van DESKUNDIGES vir u besondere geval.
Stuur dadelik u inskrywingsgeld aan:
PRINSIPAAL
BOERDERY-
KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
POSBUS 180 STELLENBOSCH

# BOTSENDE HANDELSBELANGE VAN V.S.A. EN BRITTANJE

(DEUR ONS EKONOMIESE MEDEWERKER)

(Slot.)

Reeds voor die Tweede Wêreld oorlog was die handelsbeleid van die Verenigde State sodanig dat dit die wêreldhandel nadelig beïnvloed het. Deur middel van hoë invoertariewe, tariewe wat hoër is as dié van meeste of alle lande, is invoere uit die land geweer. Byvoorbeeld: 56% van die prys van ingevoerde suiker in die V.S.A. is deur doeanebelastings verteenwoordig. In die geval van wolgoedere was dit 69%, by vleisprodukte 34%, horlosies 57%, glasware 77%.

In werklikheid het Amerika in die tussenoorlogse jare meer produkte ingevoer as uitgevoer, maar hierdie invoersurplus was nie hoog genoeg om die uitwerking van rentebetalinge aan hom en van kapitaalinstroming te neutraliseer nie. Die gevolg was dat hy in die tydperk 1930-39 gemiddeld 507 miljoen dollar per jaar meer ontvang het as wat hy uitbetaal het, sodat daar 'n kroniese tekort in die aanbod van dollars was. Dit het verhoed dat lande wat nie goud gehad het of lenings kon kry nie van die V.S.A. af invoer. **Per slot van sake kan alleen van Amerika gekoop word indien die nodige dollars (of natuurlik goud) beskikbaar was, en dollars word beskikbaar gestel alleen as die V.S.A. van ander wêrelddele af invoer.**

LENINGS AAN DIE BUITELAND

Sal die V.S.A. met hierdie beleid voortgaan? Nie alleen sal sy daarmee voortgaan nie, maar die toestand ook vererger, want soos ons reeds gemeld het, maak sy gedeeltelik op 'n uitvoersurplus staat vir die verkryging van volle indiensneming, terwyl sy darem vroeër ongeveer 100 miljoen dollar se produkte meer ingevoer as uitgevoer het. **Om die probleme wat hierdeur geskep word te bekamp, het die gedagte in Amerika ontstaan dat jaarlikse lenings van 2 tot 3 biljoen dollars aan die buiteland toegestaan moet word sodat hulle die Amerikaanse uitvoere** kan koop. Aan die lenings moet geen besondere voorwaardes van terugbetaling of rentekoerse geheg word nie met die implikasie daarby: as die lenings nie weer terugbetaal word nie, is dit tot daarnatoe. **Maar hierdie handelwyse kom neer op die subsidiëring van uitvoere, en daarteen sal Brittanje en ander lande beswaar aanteken, netsoos hulle ook besware sal hê teen die inbreuk wat die enorme uitvoere op hulle uitvoermarkte sal maak.**

STERLINGBLOK

Dit is hierdie handelsbeleid van Amerika wat deur die Britte as 'n argument gebruik word wanneer hulle die behoud van die imperiale voorkeurstelsel en die vorming van 'n sterlingblok as alternatief stel. **As die V.S.A. nie bereid is om van die buiteland te koop nie, sal Brittanje nie voldoende betaalmiddele kan kry om van hom af in te voer nie, sal Brittanje dus sy invoere kry van daardie gebiede wat hy in 'n sterlingblok georganiseer het, na watter gebiede hy dan ook sal kan uitvoer.** In hierdie stelsel sal Londen seker die sentrale vereffeningskantoor wees en kan Engeland dus alle invoere van die sterlinglande uit ander gebiede, b.v. Amerika, beheer, en ons kan geredelik aanneem, tot 'n minimum beperk. **Dit is wat in alle waarskynlikheid op die huidige stadium gebeur, met die gevolg dat Suid-Afrika met minder petrol en ander Amerikaanse produkte moet klaarkom.**

HANDELSOORLOG

As Brittanje in die toekoms ook sy toevlug, uit noodsaak of andersins, tot hierdie maatreëls gaan neem, sal weerwraakmaatreëls deur die V.S.A. toegepas word. Die vyandigheid tussen die twee lande wat hieruit sal voortspruit, is maklik te voorsien. **Hierdie soort handelwyse wil die Amerikaners voorkom, en daarom dat hulle die afskaffing van die sterlingblok wat gedurende die oorlog ontstaan het en van die Ryksvoorkeurstelsel as voorwaardes vir die toekenning van 'n lening stel.** Berigte wil dat hulle nou tot 'n kompromis bereid is en nie op algehele afskaffing van Ryksvoorkeur sal aandring nie. **Vir Suid-Afrika mag 'n algehele verbod op die vorming van 'n sterlingblok voordelig wees, in soverre dit sal voorkom dat ons invoere grootliks beperk sal wees tot invoere uit sterlinggebiede en dat die Amerikaanse ware moeilik verkrygbaar sal wees.**

Op die huidige stadium stel Brittanje alles in werking om haar afset gebiede te vergroot. Kommissies en afvaardigings word na alle dele van die Statebond gestuur en reeds is finansiële verdrae met België, Nederlande, Denemarke en Swede gesluit. Verdrae met Noorweë, Portugal en Spanje word ook in die vooruitsig gestel. Dit sal seker nie te maklik wees om baie van hierdie lande in 'n sterlingblok te organiseer nie. In so'n geval sal ons drie groot handelsfere kry: **Die sterlinggebied, die dollargebied en die Roebelgebied (of die Russiese invloedsfeer). Hulle handelsbelange sal nie maklik versoen kan word nie.**

# „Diktatuur In S.A. Parlement" Sê Burnside

Mnr. C. R. Swart is nie die enigste L.V. wat teenoor die invloed van die Ossewabrandwag te staan kom nie. Mnr. D. Burnside, 'n parlementslid van die Arbeidersparty, voel soseer die krag van die O.B. in die groot stede van ons land dat ook hy onlangs op Johannesburg die woord gevoer het oor „Parlementarisme."

Hierdie „hervormer" wat al jare lank in die Parlement sit, het verklaar dat **„die huidige parlementslede nie die ware verteenwoordigers van hulle kiesers is nie", en dat „daar 'n diktatuur bestaan in die Suid-Afrikaanse parlement."**

Mnr. Burnside, net soos mnr. Swart, het ook 'n oplossing. Hy wil hê dat mense nie langer moet stem vir kandidate nie, maar vir politieke partye! Hierdie oplossing van mnr. Burnside sal sake net mooi honderd persent versleg.

Ons is nie verbaas oor die uitlatings van Swart en Burnside nie. Ons verwag dat daar in die laaste dae van die parlementarisme, baie valse profete sal verrys, elkeen met sy eie skewe oplossing.

## *Moes Advertensie Staak*

**Mnr. M. W. Bezuidenhout van Oos-Londen, wat kuikens in Die O.B. geadverteer het, skryf as volg:**

**„Aangesien ek so baie bestellings gekry het, was ek verplig om u te skryf om nie meer te adverteer nie. Dit toon hoe wyd uitgestrek die O.B. is".**

# Sinode Veroordeel Evolusie In Skole En Kinderboek

**Die N.G. Sinode van Kaapland het verlede week skerpe afkeur uitgespreek oor die evolusieteorie en die popularisering daarvan in die Kinderensiklopedie in besonder en die pers in die algemeen.**

Sterk beswaar is ook gemaak teen die verkondiging van hierdie teorie in ons skole soos o.a. in die leerplan vir geskiedenis vir stds. een tot agt in die Transvaalse skole.

Dr. F. J. M. Potgieter het gesê dat ons in die pers allerhande verslae lees van oermense wat nooit bestaan het nie en in die Kinderensiklopedie 'n veronagsaming vind van die Skrif en lees van gedrogte wat miljoene jare gelede geleef het, dan eis dit geen betoog om te bewys dat die Woord van God en die Kerk ondermyn word nie. **„As ons oë nie oopgaan nie, sal ons te laat sien dat ook ons jeug tot 'n val gekom het, het hy gesê.**


WYNE EN BRANDEWYN

AANDAG!!

SPESIALE VERMINDERING VAN PRYSE IN BELANG VAN ONS TALRYKE KLANDISIE (slegs geldig vanaf 1 Oktober tot 31 Desember eerskomend).

GENIET WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURS WAT SELF HUL ROEMRYKE POPULARITEIT VERWERF HET . . . ONGEEWENAARD IN ELKE OPSIG.

PRYSLYS:

| | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5-gelling-Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal Soet | 2/3 | 10/6 |
| Wit Jeripiko | 1/6 | 8/- |
| Rooi Jeripiko | 1/6 | 8/- |
| Malmsey | 1/6 | 8/- |
| Wit Muskadel | 1/5 | 7/6 |
| Rooi Muskadel | 1/5 | 7/6 |
| Soet Port | 1/5 | 7/6 |
| Port | 1/4 | 7/- |
| Pontak | 1/4 | 7/- |
| Worcester Hock | 1/4 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/4 | 7/- |
| Goue Sjerrie | 1/4 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | 10/6 |
| Hanekraai | 4/- | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse Tipes) | 2/9 | — |
| **FONKELWYN:** | | |
| „La Vie" | 7/6 | — |
| Monis Grand Spumante | 10/- | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/- | — |
| A. 1 | 7/6 | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/3 | — |
| Anys | 6/3 | — |
| Gemmer | 6/3 | — |
| Van der Hum | 6/3 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/- | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |

ENIGSTE VOORWAARDES!

(i) Deposito's, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels moet alle bestellings vergesel.

(ii) Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, VRY OP SPOOR VLAKTEPLAATS.

(iii) Bestellings per kissie mag bestaan uit verskillende soorte drank, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

LAAT U KERSFEES-KEUSE VAL OP DIE GEURIGE EXCELSIOR-DRANKE . . . UITSTEKEND VIR ELKE GELEENTHEID.

Tevredenheid onvoorwaardelik gewaarborg of geld terug.


Bestel nou van:

VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

EXCELSIOR WYNMAKERY



STAATMAKER!



'n SANLAM-Polis is soos 'n bedrewe en ywerige handlanger wat omtrent oral vir u „'n hand kan bysit"—soos byvoorbeeld :—

- 'n Inkomste vir u oudag, wanneer u aftree.
- Gewaarborgde kapitaal vir u boedel, indien u vroeër al mog wegval.
- 'n Voorskot sonder rente, indien u 'n operasie moet ondergaan.
- 'n Veilige maar voordelige belegging vir u spaargeld.

Kan *U* so 'n staatmaker gebruik?

SANLAM

Hy is te vind by—

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

— TAKKE OWARSDEUR DIE UNIE —

HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

7263-8

